

Nico van Gijsen: Systap só belasting op jou spaargeld

24 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-systap-so-belasting-op-jou-spaargeld-20260903-1014

Jy moet, as jy enigsins 'n bietjie verstand in jou kop het, 'n groot deel van jou inkomste spaar. Vir later.

Maar soos wat jy die regte ding doen en vir jouself welvaart en finansiële selfstandigheid skep deur te spaar, kom Jan Taks en sê: Nee wag, ek wil saam met jou spaar. En hy vat 'n deel van jou beleggingsgroei. Wreed.

Ek sê altyd, oppas dat die belasting-stert nie die belegging-hond swaai nie. Maar jy moet aandag gee as jy nie geld onnodig wil weggee nie.

Kom ons kyk.

Die belasting

Daar is drie soorte.

Dividendbelasting teen 20% op dividende wat uitbetaal met beleggings in aandele. Jy sien dit nie, maar dit is daar.

Inkomstebelasting teen die normale belastingskaal op rente- en huurinkomste. Die maksimum is 45% belasting, na gelang van jou inkomste. Jy het 'n jaarlikse vrystelling op plaaslike rente verdien van R23 800 as jy jonger as 65 jaar oud is en R34 500 as jy ouer as 65 jaar is.

Kapitaalwinsbelasting (KWB) is betaalbaar op aandele wat van die hand gesit word. Daar is 'n jaarlikse uitsluiting vir KWB van R50 000 per individu en net 40% van die wins is belasbaar. Die maksimum KWB is 18% vir individue.

Uittreeannuïteit

Dit is seker die bekendste belastingvriendelike beleggingsmedium. Jy kan jou premies wat jy spaar vir inkomstebelasting aftrek (die minste van 27,5% of R430 000 van belasbare inkomste of vergoeding) per jaar.

As jou marginale koers 36% is, spaar jy effektief net R64 vir elke R100 voordeel wat jy kry. En jou beleggingsgroei self is belastingvry.

Die probleem is jy kan nie by jou geld uitkom nie. Jy moet eers 55 jaar oud wees; dan kan jy 'n derde daarvan kry en met die res moet jy 'n pensioen aankoop. Dit is belasbaar as inkomste.

Belastingvrye spaar

Jy kan tot R46 000 per jaar belastingvry spaar met 'n maksimum van R500 000 oor jou leeftyd. Die premie is nie aftrekbaar nie. As jy die geld onttrek, is geen belasting betaalbaar nie.

Polisse

In 'n polisbelegging word belasting in die polishouersfonds belas (nie in jou naam nie) teen 30% op rente- en huurinkomste (teenoor die maksimum van 45% in jou eie naam) en 12% KWB (teenoor die maksimum van 18% in jou eie naam).

'n Polis vereis 'n minimum beleggingstermyn van vyf jaar. Geld wat jy dan hieruit onttrek, is vry van belasting in jou hande.

Belê jou geld in 'n maatskappy

Sommige, en kan jy dit glo, in samewerking met hul rekenmeester, hou hul beleggingsgeld in 'n maatskappy. Seker die onnoselste belastingding om te doen.

Ja, in die maatskappy word inkomstebelasting op groei gehef teen 27%, teenoor die maksimum van 45% in jou eie naam. Maar om dan die geld weer in jou hande te kry, is dividendbelasting betaalbaar teen 20%.

Totale belasting betaalbaar is dus 41,60% voordat jy 'n sent kan uitgee.

KWB in jou hande is 'n maksimum van 18%. In die maatskappy is dit 21,6%.

Ek het ook al gehoor van mense wat in samewerking met hul rekenmeester geld heen en weer skuif tussen die maatskappy en hulself en dan vals verklarings aan die Ontvanger van Inkomste doen.

Dit is oneerlik. En ek het nie raad vir boewe nie.

Skenking tussen gades

Is jy binne gemeenskap van goedere getroud, is alle beleggingsgroei, ongeag in wie van julle se naam die belegging is, gelykop belasbaar tussen die twee van julle. Dit is effektief julle albei se belegging weens die huweliksvorm.

En ja, elkeen het sy of haar rentevrystellings en KWB-uitsluitings wat ek hierbo noem.

As jy getroud is ingevolge 'n huweliksvoorwaardekontrak (HVK) – myne is myne en joune is joune – word die belasting ten volle gehef in die hande van die een wat die belegging besit.

As die belegging 'n bietjie groot raak en die belasting 'n bietjie baie, dink sommige dat dit 'n goeie plan is om 'n deel van die totale belegging oor te dra na die vrou (kom ons sê sy is 'n tuisteskepper). 'n Skenking, dus.

Nou, dit is waar dat 'n skenking tussen gades vrygestel is van skenkingsbelasting, maar as die skenking gedoen is om die man se belastinglas te verlig, het ou Jan Taks nuus vir hom.

Art. 7(2) van die Inkomstebelastingwet (58 van 1962) bepaal dat die beleggingsgroei in so 'n geval in die naam van die skenker (die man) geag word en dat dit dus in sy hande belasbaar is. Niks bereik nie.

In so 'n geval is daar twee opsies.

Gee vir die tuisteskeppervrou van vroeg in jul huwelik af elke maand genoeg geld vir die huishouding en laat sy 'n deel daarvan spaar. Dis eerlik en dis sinvol.

Maar as dit nou nie gedoen is nie en daar is regtig 'n belastinglas wat jy wil hanteer, skenk (belastingvry) vir die vrou 'n groot deel van die geld. Sy kan dit dan in 'n uittreeannuïteit belê. Dit is in haar naam en Jan Taks kan niks doen nie. Die beleggingsgroei is belastingvry, soos genoem.

Sy sal nie die geld kan aftrek van inkomste soos hierbo genoem nie, maar by aftrede kan sy 'n belastingvrye pensioen onttrek tot gelyk met die bedrag wat sy gespaar het.

Belastingbeplanning, soos ek hier bo aandui, is belangrik. Struktureer jou geldsake korrek en hou meer vir jouself.

Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn. Hy is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za

[Wys Kommentaar \(9\)](#)